

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Woorddiens

Tema: Sien, waarneem en begryp

Skriflesing: Lukas 3:15-22 (1983)

¹⁵ Die volk was vol verwagting, en almal het hulle begin afvra of Johannes nie miskien die Christus is nie.

¹⁶ Daarop gee Johannes aan hulle almal die antwoord: "Ek doop julle met water, maar my meerdere kom, en ek is nie eers werd om sy skoene los te maak nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.

¹⁷ Hy het sy skop in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Die koring sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand."

¹⁸ Ook oor baie ander dinge het hy dikwels die volk vermaan en die goeie boodskap aan hulle verkondig.

¹⁹ Hy het ook vir Herodes, die heerser, tereggewys oor Herodias, die vrou van sy broer, en oor al die ander slegte dinge wat Herodes gedoen het.

²⁰ Maar Herodes het nog verder gegaan en Johannes in die tronk opgesluit.

²¹ Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan

²² en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: "Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My."

Broodjies vir die pad

Die verminkte boom

In memoriam: Chris Barnard, 28.12.2015

Onder die gewig van tak en lower
het 'n skaduboom middeldeer geskeur.

Met die helfte weggekap,
weggedra, bly daar skielik nou
onverwags

net hierdie volstrekte oopte oorhoofs.

En wanneer al die takke en blare
op die bakkie gelaai is,

straat af verdwyn, kyk julle
op na onbegrensde
blou,

met die son nou só sonder genade,

dat julle gewoon nie wil weet
hoe om die hart
se skaduwerk voortaan

met net 'n halwe boom te besleg nie.

© Louis Esterhuizen / Desember 2015

<http://versindaba.co.za/2015/12/29/louis-esterhuizen-die-verminkte-boom/>



All truths are easy to understand once they are discovered; the point is to discover them.

~ **Galileo Galilei**

The notion of a contemporary epiphany to me is very exciting, because it's a sort of biblical thing. It's something that has happened to people in other centuries or in the context of religious experience.

~ **Pamela Stephenson**

I hear and I forget. I see and I remember. I do and I understand.

~ **Confucius**

It's only when we truly know and understand that we have a limited time on earth - and that we have no way of knowing when our time is up, we will then begin to live each day to the fullest, as if it was the only one we had.

~ **Elisabeth Kubler-Ross**

If you can't explain it simply, you don't understand it well enough.

~ **Albert Einstein**

Brood vir die pad

Die Vallei van Karakter

Jeanette De Klerk-Luttig

Die vrae wat met al groter dringendheid in gesprekke opduik en in die nuwe jaar aandag sal moet geniet, is: Wat kan ons as gewone Suid-Afrikaners doen om die afwaartse spiraal waarin ons vasgeval is, om te keer? Wat is nodig om beleggersvertroue in ons land te herwin en te voorkom dat ons kredietgradering tot rommelstatus tuimel?

Terwyl meer as tagtig persent van Suid-Afrikaners oortuig is dat ons die mees korrupte land in Afrika is, hoe kan ons dit omdraai en 'n meer gedissiplineerde, verantwoordelike, hardwerkende en daarom 'n meer produktiewe en suksesvolle land word?

Miskien is een van die kernvrae wat ons in die jaar sal moet beantwoord: Hoe kan ons meer in pas met ons eie Grondwet leef? Die antwoorde op die vrae is nie eenvoudig nie.

In *The Success of Nations*, skryf Bill Bonner dat die sukses van 'n nasie nie afhang van sy ouderdom nie: Egipte en Indië is ouer as 2000 jaar terwyl Kanada, Australië en Nieu-Seeland relatief jonk, maar welvarende is. Dit hang ook nie af van die beskikbare hulpbronne nie. Japan het min natuurlike hulpbronne, maar verwerk ingevoerde rou materiale en voer dan die produkte uit na die res van die wêreld. Switserland kweek nie self kakao nie, maar vervaardig van die beste sjokolade.

Daar is ook nie intellektuele verskille tussen eweknieë van suksesvolle en onsuksesvolle nasies nie. Die werklike verskil lê daarin dat die meeste mense in suksesvolle lande in pas met die kernwaardes van etiek, integriteit, verantwoordelikheid, respek vir wette en regulasies, hardwerkendheid, produktiwiteit, spaarsaamheid en stiptelikheid leef.

Die geheim van sukses lê dus eenvoudig in die karakter en die houding, in die kwaliteit van die innerlike krag van die meerderheid van die mense van 'n land.

Om in pas met die kernwaardes te leef mag dalk eenvoudig en selfs outyds klink, maar dit het baie implikasies. Dit beteken dat leerders en studente nie skole en biblioteke aan die brand steek nie, maar dat hulle hard sal werk en beskikbare bronne met verantwoordelikheid tot voordeel van almal gebruik.

Dit behels om betyds by die werk op te daag, om sonder toesig voluit te werk, nie gedurig meer te spandeer as wat jy verdien nie, te alle tye eerlik te wees, al is dit tot jou nadeel, en respekvol teenoor ander en jou omgewing op te tree.

Om so te leef is nie afhanklik van die sigbare polisiering op ons strate nie, maar van individue wat met integriteit en 'n interne lokus van beheer kan leef en werk.

In ons vallei het die burgemeester een oggend op pad werk toe gesien hoe die een motoris ná die ander 'n stopteken eenvoudig verontagsaam.

Hy het besef dat hierdie gedrag nie gaan verander deur meer verkeersbeamptes aan diens te hê nie, maar deur 'n "Bobbie in every body".

Sulke gedrag is 'n simptoom van 'n dieperliggende probleem, naamlik die afwesigheid van kernwaardes en moet daarom op 'n dieper vlak opgelos word, en so is die idee van 'n Vallei van Karakter gebore.

Die Vallei van Karakter-inisiatief fokus op die bou van 'n sterk karakter deur die vestiging en uitleef van kernwaardes.

Dit gaan oor die voorkoming van wangedrag en nie oor die reaktiewe regstelling nadat dinge reeds verkeerd geloop het as gevolg van die afwesigheid van kernwaardes nie.

Werknemers van die munisipaliteit van die vallei het in interaktiewe werksessie op hul vyf kernwaardes gefokus. Hulle het die implikasies van die aan- en afwesigheid van die kernwaardes in hul werk en lewe deurtrap en die oorsprong van hul waardes met mekaar gedeel.

Mense van verskillende geloofsoortuigings en bevolkingsgroepe het in eerlike gesprekke tot die besef gekom dat hulle waardes baie ooreenstem en hulle het daarom gevind dat hulle tuis voel by mekaar.

Die mikpunt van die werksessies is 'n waarde-gedrewe munisipaliteit waar kernwaardes die hoogste gesag beklee en dus die besluite en optrede van alle werknemers op elke posvlak rig – van die werkers wat die paaie herstel tot by die raadslede.

In sy navorsing het Richard Barrett bewys dat waarde-gedrewe organisasies die suksesvolste organisasies ter wêreld is.

Omdat kinders die toekoms van die vallei is en kernwaardes dikwels makliker by hulle gevestig kan word, het van die skole in die vallei ook deel van die Vallei van Karakter-inisiatief geword.

Die onderwysers is intensief in die beginsels van karakteropvoeding in skole opgelei. Die skole het self die kernwaardes gekies wat die identiteit van hul skool kleur en waarvolgens hulle wil leef en werk.

Omdat karakteropvoeding in skole so omvattend is en alles insluit wat in die skool gebeur – van die manier waarop leerders gegroet word, die toestand van die skoolterrein en die kleedkamers, tot die wyse waarop leerders gedissiplineer word en die teepouse-gesprekke van onderwysers – is dit nie 'n kitsoplossing nie.

Die realistiese vraag bly egter: Gaan die inisiatief om karakter te ontwikkel en kernwaardes te vestig, werklik 'n verskil maak in die vallei of nie?

Die antwoord hierop is nie eenvoudig nie, want daar is geen kortpad na die vestiging van kernwaardes nie en in elke gemeenskap, werkplek, skool en op elke vlak van die samelewing kan drie soorte mense onderskei word:

- Die heiliges (saints) wat eties dink en doen, en nie sal droom om oneties op te tree nie, al word hulle versoek. Hul kernwaardes is 'n geïntegreerde deel van hul karakter en hulle neem besluit aan die hand van hul kernwaardes en nie vir eie gewin nie. Sonder hierdie mense val gemeenskappe uitmekaar.
- Die sondaars (sinners) wat enig iets sal doen om hulself te bevoordeel en meer mag te kry, oneties of nie. Geen opleiding van watter aard ook al sal hulle verander nie. Hulle erodeer die innerlike krag van gemeenskappe en nasies.
- Die grootste persentasie mense tree gewoonlik eties op, maar hulle is tog kwesbaar vir negatiewe eksterne druk, asook vir hul eie interne rasionalisering. Hulle kan dus deur negatiewe groepsdruk van buite deur ander of deur hul eie selfgesprek, omgepraat word om oneties op te tree en hul kernwaardes te ignoreer.

Die sukses van die Vallei van Karakter-inisiatief en die uiteindelijke vestiging van 'n waarde-gedrewe samelewing in ons vallei en in ons land, sal grootliks daarvan afhang of karakteropvoeding in ons huise en skole suksesvol is, sodat kernwaardes soos respek, verantwoordelikheid, hardwerkendheid en integriteit deur genoeg mense geleef word en dit kan "afsmear" en die groter samelewing daardeur gekleur kan word.

Dit sal afhang van die aanwesigheid van morele leierskap en etiese rolmodelle op elke vlak, en of etiese gedrag erken en beloon word, of fluitjieblasers beskerm word en onetiese en korrupte gedrag, sonder uitsondering en sonder aansien des persoons, die hoof gebied word, want 'n onetiese konteks eet waardes op vir ontbyt!

Die morele konteks van ons land gaan uiteindelik die sukses of mislukking van ons land bepaal.

Jeanette de Klerk-Luttig is 'n opvoedkundige wat by die vestiging van waardes in skole en organisasies betrokke is.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/die-vallei-van-karakter-20160104>